



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V2

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

VRAAG 1

- 1.1
- Ja, beslis.
 - Ons lewe deesdae in 'n wêrelddorpie met 'n mengsel van verskillende godsdienste, kulture en waardes wat langs mekaar moet bestaan.
 - Ons is in wisselwerking met mekaar by die werk, die skool en op die markplein, maar nie gewoonlik in plekke van aanbidding nie.
 - Om van ander godsdienste te leer, lei tot respek, begrip en verdraagsaamheid.
 - Dit fokus op ons ooreenkomste as mense, eerder as op ons verskille m.b.t. geloof.
 - Met toenemende bevolkingsmigrasie is intergodsdienstige samewerking meer noodsaaklik as toe godsdienste tot spesifieke geografiese streke beperk was. (10)
- 1.2
- Tydens die opening van die Suid-Afrikaanse parlement het verskeie godsdienstige leiers tot 'n 'groter godheid' verbind. Dit bewys dat alle godsdienste gelyke erkenning in die Grondwet het, anders as tydens die apartheidstelsel waar die Christelike godsdiens die staatsgodsdiens was.
 - Die viering van Suid-Afrikaanse vakansiedae word gekenmerk deur verskillende godsdienstige leiers wat dieselfde byeenkomste toespreek. Byvoorbeeld, op Vrouedag het politieke en godsdienstige leiers gepraat oor die regte van die vrou vanuit 'n godsdienstige oogpunt. Dit is belangrik aangesien godsdiens dikwels as 'n verskoning gebruik word om vroue te onderdruk.
 - Alle godsdienste in Suid-Afrika ondersteun die regering se MIV/Vigs-programme. Godsdienstige byeenkomste verduidelik die skakel tussen sedelikheid/moraliteit en die verspreiding van MIV. Alle godsdienste beklemtoon die belangrikheid van eerlikheid in verhoudings en die heiligheid van die huwelik. Praktiese ondersteuning (bv. verswaktesorg, sopkombuise, ensovoorts) is ook beskikbaar vir mense wat met Vigs geïnfekteer is of wat daardeur geïnfekteer word. Die hulp word verleen ondanks kerkverband.
 - Die Nasionale Godsdiensleiersforum (NGLF) is 'n voorbeeld van verskillende godsdienste wat 'n verenigde front in onderhandelinge met die parlement toon. Een van hul grootste prestasies was die Sedeberaad ('Moral Summit') wat in 1999 gehou is. Die fokus was op die oorsake van morele/sedelike en etiese verval in post-apartheid Suid-Afrika. Alle godsdienste het onlangs die instelling van 'n pornografiese televisiekanaal teengestaan.
 - Die eerste vergadering van die Raad vir Godsdiensleiers in Afrika ('ACRL') is in 2003 in Abuja, Nigerie gehou. Dit bestaan uit 40 leiers uit verskeie godsdienstige gemeenskappe. Die Christelike godsdiens en Islam word in gelyke mate verteenwoordig aangesien dit die twee grootste godsdienste in Afrika is. Die 'ACRL' het sterk bande met internasionale intergodsdienstige organisasies soos die WKGV. (10)

- 1.3
- Met die koms van die Christen-setlaars na Suid-Afrika in die middel-1600's het konflik tussen die Christelike godsdiens en die Afrika Tradisionele Godsdiens ontstaan.
 - Afrikane is as primitief en bygelowig deur Christen-sendelinge beskou.
 - Deesdae is daar harmonie en sinkretisme tussen verskillende godsdienste en die ATG.
 - Party Afrikane het hulle eie tradisies met Christelike oortuiginge gekombineer en dus die Afrika Ingewyde Kerke ('African Initiated Churches (AICs) gestig.
 - Ander het die 'nuwe' slegs vir uiterlike skyn aanvaar maar volgehou om hulle tradisionele geloofstelsels te volg.
 - Tans is daar 'n herlewing in die ATG, veral met betrekking tot waardes (bv. ubuntu), kultuur en medisyne. (10)
- 1.4
- In Afrika, die Midde-Ooste en Asië is daar voortslepende konflik wat maklik in volskaalse godsdiensoorloë kan ontwikkel.
 - In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat intergodsdienstige organisasies sterk, voortgesette dialoog tussen verskillende godsdienste aanmoedig.
 - Elke godsdiens moet verseker dat dit ondersteuning op grondvlak het sodat verdraagsaamheid en aanvaarding deel van die massas kan word.
 - Intergodsdienstige organisasies moet sterker bande met hul onderskeie regerings kweek sodat godsdienstige kwessies, moraliteit en etiek deel van regeringsbeleid word.
 - Intergodsdienstige organisasies moet gesamentlike jeugprogramme hê, omdat daar tans meer interaksie tussen die jeug is as in die verlede.
 - Dit sal ook afnemende belangstelling onder die jeug in daardie gemeenskappe wat deur onverskilligheid beïnvloed word, hanteer. (10)
- 1.5
- Moslems dra bepaalde klere en het 'n spesifieke lewenstyl en daarom is dit moontlik dat mense kan dink dat hulle integrasie in die Westerse samelewing teenstaan.
 - Hierdie misverstand moet op intergodsdienstige vlak hanteer word sodat mense van ander godsdienste nie die onbekende vrees nie, maar eerder begrip en respek vir dié wat anders is, ontwikkel.
 - Dit moet algemene kennis word dat Moslem-kleredrag en ander uiterlike kenmerke 'n integrale deel van die Islamitiese lewenswyse is.
 - Moslems moet ook meer aktief betrokke raak in intergodsdienstige programme sodat hulle nie as 'afsydig' beskou word nie.
 - Intergodsdienstige organisasies moet godsvryheid as 'n fundamentele mensereg beklemtoon, en dit op alle godsdienste toepas. (10)

(10)
[50]

VRAAG 2

- 2.1
- Elke godsdiens beklemtoon liefdesdiens teenoor jou medemens.
 - Liefdesdiens is 'n seën vir beide die gewer en die ontvanger.
 - Godsdiens word dikwels onder die armes gepropageer aangesien hulle ontvanklik is vir beide fisiese bystand en geestelike leiding.
 - Die uitwerking van armoede (soos ongeletterdheid, die opbreek van gesinne, siekte, ens.) is nie net tot die armes beperk nie, maar het ook 'n negatiewe invloed op die hele samelewing.
 - In die Christelike godsdiens word daar gesê: 'Geseën is dié wat gee eerder as ontvang.' – Bybel.
 - Die Koran sê: 'By no means shall you attain righteousness unless you give freely from that which you love. And whatever you give, Allah knows it well.' (Vrye vertaling: Jy sal nie regverdigheid bekom as jy nie vrylik van dit waarvoor jy lief is, gee nie. Allah weet baie goed wat dit is wat jy gee.)
 - Die Rig Veda sê: 'The leader sacrifices his life for the well-being of his people.' (Vrye vertaling: Die leier offer sy lewe vir die welstand van sy mense op.)
 - Godsdiens moet buitensporige hebsug en materialisme hanteer deur 'n beroep te doen op hoër waardes – naamlik om 'n Hoër Wese te behaag.
 - Godsdienste is goed georganiseerd en hulle strukture kan massa-ondersteuning baie vinnig mobiliseer.
 - Dit kan deur fondsinsameling wees of om 'n vrywilliger vir gemeenskapsdiens te wees.
 - Mense van dieselfde geloof word as 'n 'uitgebreide familie' beskou en is meer bereid om mense te help wat in werklikheid totale vreemdelinge is.
 - Baie dikwels verskaf die hulp wat deur godsdienstige organisasies verleen word, 'n langtermyn-oplossing, bv. vaardigheidontwikkeling, die vestiging van skole en klinieke.
 - Godsdienstige organisasies werk saam met die hele gemeenskap, wat hul werk meer effektief maak as bv. regeringsinisiatiewe.

(20)

2.2 Voorbeeld: Habitat for Humanity

- Dit is 'n nie-winsgewende, ekumeniese Christen-organisasie.
- Hulle is toegewy aan die verskaffing van basiese akkommodasie en behuising (?) wêreldwyd.
- Habitat is gebaseer op die mensereg-waarde dat elke mens die reg het om waardig te lewe, ongeag ras of godsdiens.
- Habitat verwelkom almal wat wil help om armoede uit te wis.
- Liefde vir Jesus Christus moet in tasbare aksie/handeling omgesit word om liefde vir die mensdom te toon.
- Vrywilligers, ander vennootorganisasies en armes werk saam om huise te bou.
- Meer as 200 000 huise is wêreldwyd deur Habitat for Humanity gebou.

Voorbeeld: Religions for Peace

- Dit is die grootste internasionale intergodsdienstige vennootskap.
- Hulle is op elke kontinent bedrywig.
- Van hulle onlangse suksesverhale sluit die rekonstruksie van Bosnië en Kosovo in.
- Die hoofdoel van Religions for Peace is om weeskinders en kwesbare kinders teen die gevolge van armoede te beskerm.
- Arm gesinne wat deur Vigs geaffekteer is, word ook ondersteun deur te netwerk met inisiatiewe van ander godsdienstige organisasies, soos CARE, Network of African People Living with AIDS, ensovoorts.
- Kinders se skoolonderrig, kosvoorsiening en voorsiening van medisyne en verswaktesorg is van die dienste wat gelewer word.
- Hierdie gesamentlike benadering elimineer die oorvleueling van dienste en verbreed die reikwydte van die verskillende organisasies.

(14)

2.3 Die leerder kan MIV/Vigs, misdaad, geweld teen vroue en kinders, ens. bespreek.

Voorbeeld: MIV/Vigs

- Dit is een van die grootste sosiale uitdagings wat sub-Sahara Afrika in die gesig staar.
- Dit is omdat dit 'n negatiewe invloed op die individu se gesondheid en lewensverwagting het.
- Gesinseenheid: lei tot afwesige ouers.
- Die ekonomie: verlies aan produktiewe jong volwassenes.
- Gesondheidstelsel: MIV-behandeling is baie duur en langtermyn, maar dit is nie 'n geneesmiddel nie.
- In Oeganda is die Vigs-pandemie omgekeer deur die gesamentlike interaksie van geloofsgebaseerde organisasies ('FBOs') en die regering.
- Die 'FBOs' fokus op sedelike/morele hernuwing en voorkoming.
- Die regering fokus op befondsing van publisiteit, voorkoming en behandeling.
- Godsdienstige leringe in elke geloof beklemtoon die heiligheid van gesinseenheid en waarsku teen die ernstige gevolge van owerspel.
- Bv. die Bybel sê: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' – Exodus.
- Bv. die Koran waarsku: 'Moet nie eers naby owerspel gaan nie, aangesien dit die weg tot ander booshede oopmaak.' – Sura Bani Israel.
- In Suid-Afrika hou die NGLF ('NRLF') regeringsbeleid oor MIV/Vigs ingelig en daardeur word die regering se benadering vir godsdienstige groeperings onderskryf.

(16)
[50]

VRAAG 3

3.1 ATG-geloof oor die skepping:

- In die ATG is die idee van 'n persoonlike God as Skepper nie 'n sentrale oortuiging nie.
- Daarom sal ATG-gelowiges nie 'n proleem hê met die skepping of die oerknal-teorie ('big bang theory') nie.
- Die godheid is duidelik/onderskeidend en buite menslike begrip.
- Daarom is daar verskillende skeppingsmites in ATG.
- Een so mite is die een van Unvelinqangi/Mwali.
- Hy het tussen die riete langs 'n rivier uitgekom en mense, beeste en ander hulpbronne geskep.
- Hy is toe terug na die riete.
- Hierdie mites word simbolies eerder as letterlik vertolk.
- Die simboliek word soms vertolk as Intelligente Ontwerp ('Intelligent Design').
- D.i. die Skepping het plaasgevind soos deur 'n Opperwese beplan.

Hindoe-geloof oor die skepping:

- Vir Hindoes is die heelal self die Skepper.
- Die Skepper bestaan vir ewig, sonder begin of einde.
- Die Skepper (Brahmin) is nie 'n opperwese nie, maar 'n 'Wêreldsiel' ('World Soul'). Dit is deel van die hele skepping.
- Brahmin kan in 'n aktiewe of passiewe toestand wees.
- Wanneer Brahmin roer en aktief raak, begin die 'skepping'.
- Soos alles wat bestaan, is mense ook 'n neweproduk van Brahmin se dans.
- Wanneer die Skepper ophou dans, stort die heelal ineen.
- Wanneer die Skepper weer begin 'dans', word die hele siklus van skepping en vernietiging herhaal.
- Hindoes glo dat daar 'n 'intelligente ontwerper' moet wees omdat die skepping te perfek en kompleks/ingewikkeld is dat dit bloot per ongeluk geskep is.

Christelike geloof oor die skepping:

- Christene glo dat God die Skepper van die heelal is.
- Eers het net die Skepper bestaan.
- Hy het 'n perfekte heelal geskep, insluitende mense.
- Dit is in ses dae gedoen.
- Daar word na hierdie oortuiging as kreasionisme verwys.
- Party Christene glo dat die Bybel figuurlik, en nie letterlik nie, geïnterpreteer moet word.
- Hulle sien geen konflik met die skeppingsteorie nie aangesien hulle glo die wetenskap lê eenvoudig God se wette bloot.
- Christene verwerp die teorie dat die mens uit laer lewensvorme ontwikkel het, aangesien die Bybel praat van Adam en Eva as die eerste mense.
- Liberale gelowiges aanvaar egter die beginsel van evolusie – dat lewendige organismes by veranderde omgewings aanpas.
- Hierdie sintese van evolusie en godsdienstige doktrine word 'teïstiese of geleide evolusie' genoem.

(20)

- 3.2
- 'n Wetenskaplike poging om die skepping te verstaan, word kosmologie genoem.
 - Die oerknal-teorie vorm die nuutste begrip van die skepping.
 - Daar word beweer dat ongeveer 15 biljoen jaar gelede het 'n skielike gasontploffing die heelal laat ontstaan.
 - Ons weet nie of iets voor die ontploffing bestaan het nie.
 - Die teorie noem nie enige Skepper nie.
 - Volgens die oerknal-teorie het die heelal 'n definitiewe grootte, wat groter word/uitbrei.
 - Die Aarde is in een van die sterrestelsels.
 - Lewe het op die aarde begin in eenvoudige mikroskopiese vorme (eensellig).
 - Dit het oor biljoene jare ontwikkel tot die hedendaagse komplekse en uiteenlopende lewensvorme.
 - Die toekoms van die heelal word betwis aangesien party wetenskaplikes voorspel dat die heelal sal ophou groter word/uitbrei en sal inplof.
 - Ander beweer dat daar geen einde aan die heelal is nie en dat alles uiteindelik in 'n onmeetlike ruimte geïsoleer sal wees.

(20)

- 3.3
- Die wetenskaplike beskouing erken nie die ingryping van enige hoër mag nie. Godsdienste praat van 'n Skepper.
 - Daar is geen melding van wat voor die oerknal bestaan het nie. Godsdienste staan daarby dat die Skepper voor die heelal bestaan het.
 - Wetenskaplikes beweer dat die heelal per ongeluk ontstaan het. Godsdienste beweer dat dit die gevolg van intelligente ontwerp of perfekte skepping is.
 - Die wetenskap het bewyse van evolusie uit paleontologie en antropologie. Daar is egter nog vermiste skakels in die bewyse.
 - Godsdienste gee nie bewyse nie, maar oortuigings word volgens godsdienstige leerbeginsels aanvaar.
 - Terwyl die wetenskap geen antwoord het op wat voor die heelal bestaan het of hoe dit sal eindig nie (indien ooit), onderskei godsdienste tussen Skepper en skepping. Hulle spesifiseer ook dat die heelal in siklusse bestaan (soos in Hindoeïsme, Boeddhisme en ATG) of dat die heelal op 'n voorafbepaalde tyd sal eindig (soos in die Midde-Oosterse godsdienste).

(10)
[50]

VRAAG 4**Godsdiens A: Christelike godsdiens**

- 4.1 Aard van godheid:
- Christene glo aan die bestaan van 'n Opper- en Goddelike Wese, bekend as God.
 - God manifesteer Homself as drie persone.
 - God die Vader, as Skepper van die heelal.
 - God die Seun, as Verlosser en Saligmaker van mense.
 - God die Heilige Gees, as Raadgewer van Christene. (10)
- 4.2 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld:
- Christene glo dat mense na die beeld van God geskep is.
 - Nadat Adam en Eva geskape is, het God hulle beveel om na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.
 - As medeskeppers met God, is mense God se verteenwoordigers op aarde.
 - God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld, om te sien.
 - Hulle is aan God verantwoordelik. (10)
- 4.3 Lewe na die dood:
- Christene glo dat mense onsterflik geskape is.
 - Adam en Eva het egter God se bevele verontagsaam.
 - Die straf vir hierdie sonde was die dood vir die mensdom.
 - Selfs na hierdie veroordeling het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.
 - Hy het sy geliefde seun, Jesus Christus, gestuur om die mensdom te red.
 - Na die dood stel Christene 'n nuwe gemeenskap, gekenmerk deur liefde, mededeelsaamheid en sorgsaamheid, in die vooruitsig. (10)
- 4.4 Die oorwinning oor die bose:
- Volgens Christene kan die kwaad/bose nie heeltemal oorwin word solank as wat sonde heers nie.
 - Sedert sonde in die wêreld ingekom het, is daar 'n voortdurende stryd tussen die kwaad/bose en die goeie, donkerte en die lig, en Satan en God.
 - Christene glo dat God uiteindelik Satan sal oorwin.
 - Die Bybelboeke Daniël en Openbaring vertel ons van die katastrofiese einde van hierdie wêreld en die begin van 'n nuwe een.
 - Hulle glo dat die oorwinning oor die kwaad/bose en die sekerheid van die goeie se oorwinning oor die kwaad/bose moontlik gemaak is deur die geboorte, dood en opstanding uit die dood van Jesus.
 - Jesus leer ons dat kwaad nie deur kwaad oorwin kan word nie, net deur die goeie. (10)

4.5 Die aard van die wêreld:

- Volgens die Christelike godsdiens was daar in die begin niks behalwe chaos nie.
- Die boek Genesis vertel dat God die wêreld en die heelal in ses dae geskep het en dat Hy op die sewende dag gerus het.
- Die wêreld was perfek nadat die Heilige Drie-eenheid met die skepping klaar was.
- Alle lewe, mense-, see-, plante- en dierelweens, behoort aan God.
- Volgens Christelike begrip is die wêreld onderworpe aan bestuur deur die mensdom.

(10)

Godsdiens B: Boeddhisme

4.1 Aard van godheid:

- Die meeste vorme van Boeddhisme aanvaar dat daar wesens is wat magtiger is en langer as die mens lewe.
- Hulle word gode genoem.
- In terme van die kern-Boeddhistiese lering van verganklikheid/tydelikheid is selfs hierdie gode nie onsterflik nie.
- Hulle lewe vir onmeetlike tydperke, maar word dan oud.
- Hulle sterf en word weer gebore.
- Hulle is deel van die heelal, maar het dit nie geskep nie.

(10)

4.2 Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld:

- Die staat/toestand om as mens gebore te word, is baie kosbaar.
- Dit is die enigste toestand waar verligting ('enlightenment') moontlik is.
- Aangesien menslike reïnkarnasie so raar is, is die hoofdoelwit om verlig te word.
- En om die weg na verligting met ander te deel.
- Verder is alles sekondêr en tydelik/verganklik.
- As gevolg van hierdie filosofie het Boeddhisme histories baie min waarde aan sosiale kwessies, soos armoede, diskriminasie, ensovoorts, geheg.
- Volgens die nuwe, betrokke Boeddhisme, is die eliminering van swaarkry in die hede net so belangrik soos in die verre toekoms.
- Boeddhiste is deesdae aktief in sake soos teenoorlogpogings en ekologiese aksie.

(10)

4.3 Lewe na die dood:

- Vir onverligte wesens is daar baie hergeboortes.
- Verligte wesens, soos Boeddhists, kan die sinloosheid van die proses raaksien en uit die siklus tree.
- Dit staan bekend as 'nirvana'.
- Die meeste Boeddhiste stel die soeke na nirvana vir verskeie lewens uit aangesien hulle met wêreldse sake besig is.
- Boeddhiste strewende nie na lewe na die dood nie. Hulle strewende na nirvana.
- Lewe na die dood word as die normale gang van sake beskou.
- By die verkryging van verligting sien 'n Boeddhist dat individualiteit 'n illusie is, en dat ernstige aandag aan lewe na die dood, onwaardig is.

(10)

- 4.4 Die oorwinning oor die bose:
- Boeddhisme meen dat die bose deur kennis oorwin kan word.
 - Dit is egter nie boekekenis nie.
 - Dit moet in die 'bene' op 'n diep, eksistensiële vlak gevoel word.
 - Om hierdie kennis te bekom, skryf Boeddhisme meditasie voor.
 - Om effektief te mediteer, moet mense 'n streng, maar redelike lewenstyl handhaaf.
 - Hulle moet hulleself bedwing om nie dinge te doen wat boos en onharmonieus is nie.
- (10)
- 4.5 Aard van die wêreld:
- Hierdie wêreld is een van miljoene wêrelde.
 - In elkeen sal 'n Boeddha die werklike aard van die werklikheid ontdek.
 - Boeddhisme floreer al vir duisende jare en sterf uiteindelik uit.
 - Naby die afsterwe daarvan, sal 'n jong man probeer om die redes vir menslike swaarkry te verstaan.
 - En hoe om dit te elimineer.
 - Sy ontdekking maak hom die nuwe Boeddha.
 - Die siklus word dan herhaal.
 - Boeddhisme floreer en kwyn, en dan verrys die volgende Boeddha.
- (10)
[50]
- TOTAAL: 150**